

Lewensvaardigheid Siklus 4

Week 1	Week 2
Maandag (17 Augustus)	Maandag (24 Augustus)
Donderdag (20 Augustus)	Donderdag (27 Augustus)
Vrydag (21 Augustus)	Vrydag (28 Augustus)

Geagte ouers

Ons wil graag hê dat al die leerders op datum moet bly met die werk, daarom gaan ons nogsteeds aan met werk al is die leerders tuis. Moet nie te veel werk op een dag doen met u kind nie, oefen die dag se werk in voordat julle vooruit werk.

Alle bewerkings moet asb. in 'n boek of bladsy gedoen word.

Alle werk sal in die klas weer hersien word om seker te maak dat al die leerders dit gedoen het.

Dankie vir julle ondersteuning.

Groete

Gr.3 Personeel

Maandag (Week 1)


Skoenlappers/Vlinders

- Skoenlappers lê hulle eiers op blare.
- Elke soort skoenlapper se eiers het hul eie, spesifieke vorm.
- Die wyfie lê haar eiers op 'n blaar wat die regte soort is sodat die ruspes dit kan eet wanneer hulle uitbroei.
- Die ma-skoenlapper bly nie daar om vir die eiers te sorg nie. Sy wag nie dat die eiers uitbroei nie, sy vlieg weg sodra sy die eiers gelê het.
- Sodra die babaruspes uit die eiers kom, eet hulle die blare.

Beantwoord die volgende vrae in jou klaswerkboek:

- a. Waar lê skoenlappers hul eiers?
- b. Lyk die eiers van al die skoenlappers eenders (dieselfde)?
- c. Sorg 'n wyfie skoenlapper vir haar eiers?
- d. Wat doen die skoenlapper nadat sy haar eiers gelê het?
- e. Wat broei uit 'n skoenlapper se eiers?
- f. Watter soort kos eet die ruspes?
- g. Beskryf nou die lewensiklus van die skoenlapper in jou eie woorde, teken ook 'n klein prentjie by elke stap.


Die lewensiklus van die vlinder:



Donderdag (Week 1)

Lewensiklus van die voël

- Voëls broei uit eiers.
- Baie voëls bou neste waarin hul eiers hou en sit dan daarop om dit warm te hou.
- Sodra die voëltjies uit sy eier uitbroei is hy blind en het nie vere nie. Hulle moet dan versorg word.
- Al wat die klein voëltjies kan doen is om hul snawels oop te hou om gevoer te word. Die ouervoëls voer die kleintjies totdat hulle sterker is.
- Dit neem die voëls wat ons gewoonlik in die tuin sien twee tot drie weke om te vlieg. Sodra hulle kan vlieg, gaan hulle saam die ouervoëls 'n entjie verder van die nes om kos te gaan soek.
- So beweeg hul weg van die nes en begin hul eie lewe.
- Die meeste soorte voëls begin eiers lê vandat hulle een jaar oud is.



Beantwoord die volgende vrae in j ou klaswerkboek:

- a. Waarom bou voëls neste?
- b. Hoe lyk 'n baba voëltjie as hy uitgebroei het?
- c. Hoelank neem dit die voëls wat ons in die tuin sien om te vlieg?
- d. Wanneer begin die meeste voëls eiers te lê?
- e. Gebruik die prentjies hieronder om jou eie lewensiklus van die voël te maak, onthou jou sinne by elke prentjie.

Vrydag (Week 1)

Herwinning

Raak ontslae van afval

- Elke keer as ons vullis in 'n drom gooi, dan skep ons afval.
- Opvullingsterreine is groot stukke gronde wat gevul word met die vullis wat ons weggooi.
- Opvullingsterreine moet ver van plase, huise, riviere, grondwater, damme en mere wees. Dit is om mense en diere veilig te hou, asook ons watervoorraad skoon te hou.
- Moenie naby 'n opvullingsterrein gaan nie, die vullis lok vlieë, rotte en ander diere wat siektes dra.
- Mense kan snye van gebreekte glas, geroeste metal en spykers opdoen.
- Ons moet uit die natuur leer, omdat die natuur niks mors nie.

Beantwoord die volgende vrae in j ou klaswerkboek.

1. Skryf die volgende drie definisies in j ou boek neer.

- a.) verminder
- b.) hergebruik
- c.) herwin

2. Kies die regte woord in die blok om elke sin te voltooi.

mere	Opvullingsterreine	rotte	huise	vullis	natuur
------	--------------------	-------	-------	--------	--------

- a. _____ is groot stukke gronde wat gevul word met vullis.
- b. Opvullingsterreine moet ver van plase, _____, riviere, grondwater, damme en _____ wees.
- c. Die _____ lok vlieë, _____ en ander diere.
- d. Ons moet uit die _____ leer.

Verminder:

Ons moet besoedeling verminder.



Hergebruik:

Ons moet soveel dinge as moontlik weer gebruik voordat ons dit weggooi.



Herwin:

Ons moet maniere soek om papier, glas, blikkies en plastiek weer te gebruik.




Maandag (Week 2)

Herwinning in die natuur → 'n Diagram van hoe die natuur homself herwin.

Beantwoord die volgende vrae in jou klaswerkboek.

1. Teken die diagram oor in jou boek met die stappe se prente in.



2.) Kies die regte woorde uit die raam om die sinne te voltooi.

vrugte	boom	gaan dood	grond	Klein diertjies
--------	------	-----------	-------	-----------------

- 'n Boom dra _____ .
- Die voël _____. .
- _____ eet die dooie voël.
- Dit hou die _____ gesond.
- 'n Nuwe _____ kan groei.

Donderdag (Week 2)

Herwinning maak sin

Wat is herwinning?

Herwinning beteken om gebruikte materiaal te versamel en dit op te breek in klein stukkies, sodat iets anders daarvan vervaardig kan word.

Verskillende produkte word in houers geplaas wat onderskeid tref tussen die soorte herwinbare materiaal.

Herwin papier op plase, by die huis en by die skool.

Place

- Afvalpapier word opgesny.
- Dit word met dieremis gemeng.
- Die boere gebruik dit as kompos.

Huis

- By die huis en skool kan ons papier opskeur.
- Ons kan die opgeskeurde papier met afval uit die kombuis en tuin meng om kompos vir die skool se tuin te maak.


Maak kompos → Kompos is organiese materiale wat ontbind het en herwin is as 'n kunsmis byvoeging vir die grond, bv. Aartappelskille, blare, appels ensovoorts.



Beantwoord die volgende vrae in jou klaswerkboek.

1. Wat is herwinning?
2. Noem vyf materiale wat ons kan herwin.
3. Maak 'n regmerkie by elke voorwerp hieronder wat jy op 'n vullishoop sal sit. Vul die name van elke voorwerp ook in.

blare	appel	grond	aartappelskille	mieliestronk
gras	blikkie	onkruid	plastieksak	lekkergoed papier



Vrydag (Week 2)

Papierherwinning


Herwin papier

Boeke word gemaak van papier. Toiletpapier is gemaak van papier.

Papier is 'n baie belangrike materiaal in ons lewens vandag. Kom ons vind uit hoe papier herwin word.


Die prosesse wat plaasvind by elke stadium word inkort verduidelik:

- Ons kan gebruikte papier by huise, kantore en winkels herwin.
- Herwinningsfabrieke verander die papier in pulp (wat soos pap is).
- Die pulp word dan skoongemaak.
- Die pulp word uitgerol en op 'n papiermasjien drooggemaak.
- Na dit alles dan is daar weer nuwe papier op die rol.



Herwin ou bottels → Plastiek


- Leë bottels word in 'n bottelbank gesit.
- Die bottels word dan gewas en fyn gemaak.
- Die glas word dan in 'n oond gesit waar dit gesmelt word.
- Die warm glas word in 'n gietvorm gegiet om dit 'n vorm te gee vir wanneer dit afkoel.
- Die nuwe bottels word dan vol koeldrank gemaak, 'n mašien sit 'n prop op.



Hergebruik water weer

Ons kan water meer as een keer gebruik, byvoorbeeld.

- Gebruik 'n pyp om die badwater na die tuin te gelei.
- Vang reënwater op in 'n reëntenk en hou dit om plante mee nat te maak.
- Was die motor op die gras.
- Herlei jou stort en badwater na die tuin vir hergebruik.
- Vang die koue water van die stort in 'n emmer op terwyl jy wag vir die warm water.



Beantwoord die volgende vrae in j ou klaswerkboek.

1. Dink aan iets in jou huis wat jy kan hergebruik en beskryf dit in jou boek deur te sê wat is die item wat jy gekies het en wat jy met dit **kan maak**. Bv. 'n Blikkie wat jy kan verf en 'n oulike penneblikkie wat jy daarvan kan maak.
2. Skryf twee maniere neer oor hoe ons water kan hergebruik.
3. Voltooi die volgende in jou boek.

Skryf items neer wat herwin kan word:

Die lysie is vir jou begin.



Herwin glas:	Herwin plastiek:	Herwin papier:	Maak kompos:
Ou bottels	Plastieksakke	Koerante	Groenteskille


Dink aan dinge wat goeie kompos sal maak.

Skryf elkewoord in die korrekte kolom om die tabel te voltooi.

Plastieksakke	Groenteskille	Spykers
Koeldrankblikkies	Eierdoppe	

Dinge wat verrot:

Dinge wat nie verrot nie:



53

